higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

18 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Waar		
	1.1.2	Onwaar		
	1.1.3	Onwaar		
	1.1.4	Onwaar		
	1.1.5	Onwaar		
	1.1.6	Onwaar		
	1.1.7	Waar		
	1.1.8	Waar		
	1.1.9	Waar		
	1.1.10	Waar		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	D		
	1.2.2	E		
	1.2.3	A		
	1.2.4	B		
	1.2.5	I		
	1.2.6	J		
	1.2.7	K		
	1.2.8	L		
	1.2.9	H		
	1.2.10	F		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	Plaaslike vlak		
	1.3.2	Eenheid van bevel ('Unity of command')		
	1.3.3	Kabinet		
	1.3.4	Wetgewende gesag of parlement		
	1.3.5	Beplanning		
			(5 × 2)	(10)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Speel 'n dominante rol in die politiek en om die gedagtes en menings van mense te vorm.
- Die publiek kan maklik gemanipuleer word deur die feite wat gepubliseer word deur hierdie belange- en drukgroepe.
- Daar moet kennis geneem word van die menings wat deur die media uitgespreek word en hulle moet vir verdere bespreking voorgelê word.
- Die media kan ook die publiek opvoed oor politieke en beleidkwessies.

2.1.2

- Die hoogste beleidmakers op elke vlak van regering en het die finale seggenskap in wetgewing
- Word deur kiesers verkies of deur minister genomineer
- Ministers moet wetsontwerpe aan die wetgewende gesag voorlê vir oorweging
- Die wetgewende instellings stel komitees aan om spesifieke kwessies te ondersoek.

2.1.3

- Aangestel deur die President op advies van die kabinet
- Persone wat nie in die regering werk nie, kan as lede verkies word.
- Lede moet onbevooroordeeld en regverdig wees oor die aangeleentheid wat hulle moet ondersoek.
- Dit is belangrik om kommissielede versigtig te kies en hulle moet die regte tipe kennis en kundigheid oor die aangeleentheid hê.
- 'n Kommissie kan slegs aanbevelings maak nadat hulle 'n deeglike ondersoek gedoen het. (Enige 4 × 1)

(3 × 4) (12)

2.2 2.2.1

- Verwys na take en bevoegdheid wat aan 'n ondergeskikte by wyse van wetgewing toegewys word
- Normaalweg van 'n bestuurder (hoë vlak) na 'n ondergeskikte (laer vlak) (2 × 2)

2.2.2

- Die bestuurder het steeds die finale seggenskap nadat hy take gedelegeer het.
- Beamptes mag dokumente namens hom teken, maar hy bly verantwoordelik en aanspreeklik vir die uitkoms van die gedelegeerde taak. (2 × 2)

2.2.3

- Verdeling van instellings in afsonderlike bestuureenhede
- Hulle werk onafhanklik; hul funksies, bevoegdhede, verantwoordelik-hede en diskresie is ook onafhanklik. (2 × 2)

(3 × 4) (12)

2.3
- Hy is die hoof van die Ministerie van Finansies en die Nasionale Tesourie.
- Hy berei die jaarlikse begroting voor wat aan die wetgewende gesag vir goedkeuring voorgelê moet word.
- Dien die begroting in en lê dit voor aan die wetgewende gesag vir goedkeuring.
- Hy is daarvoor verantwoordelik om fiskale beleid op te stel en te implementeer. (4 × 2) (8)

2.4
- REGVERDIGHEID✓
  Salarisse in die openbare sektor moet billik en redelik wees.✓
- DUIDELIKHEID✓
  Die salarisskaal moet goed gedefinieer en deur alle betrokke partye verstaan word.✓
- OMVATTENDHEID✓
  Daar moet voorsiening gemaak word vir alle posisies en beroepe en vir die uitbetaling van ongebruikte verlof, oortyd en siekteverlof. ✓
- DOELTREFFENDHEID✓
  Die salarisskaal moet bevoegde personeel lok en behou.✓
- ELASTISITEIT✓
  Die salarisse moet ook aanpasbaar en buigsaam wees volgens die omstandighede in die regering.✓ (Enige 4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1
- AFDWINGBAAR✓
  Die verklaarde beleid moet in amptelike briewe vervat word en enigiemand wat nie aan die bepalings in die beleid voldoen nie, kan weens wangedrag aangekla word.✓
- GESAGHEBBEND✓
  'n Gemagtigde regeringsinstelling moet die beleid bepaal en moet alle betrokkenes skriftelik inlig.✓
- BUIGSAAM EN AANPASBAAR✓
  Die beleid moet voorsiening maak vir wysigings, wanneer nodig, en wanneer omstandighede verander.✓
- PUBLIEK✓
  Die media moet die beleid so duidelik moontlik publiseer vir die publiek.✓
- UITVOERBAAR✓
  Die omgewing van gemeenskappe en die staat moet in ag geneem word wanneer 'n beleid geformuleer word.✓ (5 × 2) (10)

3.2 3.2.1
- Het 'n direkte gesag- en bevellyn van bo na onder
- Is die eenvoudigste en oudste organisasievorm
- Elke persoon is slegs teenoor een persoon aanspreeklik.

(Enige 2 × 2)

3.2.2
- Toesighouers verrig 'n gespesialiseerde stel take.
- Oefen gesag uit en het slegs bevel oor gespesialiseerde take.

(2 × 2)

3.2.3
- Deskundige assistente help nie-spesialis-lynfunksionarisse.
- Hierdie spesialiste doen navorsing en tree as raadgewers op.

(2 × 2)
(3 × 4) (12)

3.3
- Die houding van mense teenoor werk in die openbare sektor
- Die diensvoorwaardes en salaris wat aangebied word
- Die kwalifikasies wat vir die pos vereis word
- Die behoud van bepaalde poste of klasse poste vir bepaalde bevolkingsgroepe
- Die indiensnemingsbeleid van die organisasie, byvoorbeeld om hoër poste slegs by wyse van bevordering te vul (5 × 2) (10)

3.4 BELEIDSDOKUMENT✓
- Verklaar die voorgestelde uitgawes vir 'n finansiële jaar✓
- Elke departement moet sy uitgawes beplan ooreenkomstig die oogmerke van die begroting.✓

WERKPROGRAM✓
- Bied 'n program van openbare optrede: 'n belangrike werkdokument vir staatsamptenare

BRON VAN INLIGTING✓
- Enige lid van die publiek kan 'n afskrif koop en dit bestudeer.✓

'INSTRUMENTAL' VAN BEHEER✓
- Die begroting is die dokument wat uitgawes magtig.✓ (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 OMSTANDIGHEDE✓

- As meer mense hul werk verloor, moet die regering meer geld bestee om werk te skep.✓✓
- Die hoë misdaadkoers en geweld sal die regering dwing om geld te bestee om meer polisiebeamptes aan te stel en op te lei.✓✓
- Mense van andere lande sal nie gretig wees om in Suid-Afrika te belê nie as die regering nie die misdaadkoers as 'n prioriteit beskou nie.✓✓

BEHOEFTES EN VERWAGTINGE VAN DIE BEVOLKING✓

- Sodra mense besef wat hulle behoeftes is, plaas hulle druk op die regering deur dienslewering te eis, selfs al weier hulle om vir sommige dienste te betaal.✓

BELEIDE VAN POLITIEKE PARYTE✓

- Daar sal altyd verskillende politieke partye wees wat met mekaar wedywer om mag te bekom en om die land te regeer.✓
- Die party wat 'n verkiesing wen, sal nuwe beleidsveranderinge bekend stel en afdwing.✓ Hierdie nuwe verandering sal óf 'n beperking óf 'n uitbreiding van dienste beteken, na gelang van die doelwitte van die politieke party wat aan bewind is.✓

AKTIWITEITE EN VERTOË VAN BELANGEGROEPE✓

- Verskeie groepe in Suid-Afrika het 'n groot invloed op beleidvorming as gevolg van die rol wat hulle speel om die belange van die mense te verteenwoordig.✓
- Hulle kan betrokke wees by die verandering van beleid, soos COSATU.
- Hulle is betrokke by massa-optredes.✓

PERSOONLIKE SIENINGS VAN POLITIEKE UITVOERENDE AMPSDRAERS

- Hulle stel beleide in werking, neem standpunte in en maak voorstelle en stel vereistes vir strategieë.
- Evalueer beleide in ooreenstemming met beleidvoorstelle✓

NAVORSING, ONDERSOEKE EN SIENINGS VAN ERVARE STAATSAMPTENARE✓

- 'n Kommissie of komitee word aangestel om navorsing oor die aangeleentheid te doen en om oplossings en aanbevelings te maak en staatsamptenare kan raad gee oor beleidaangeleenthede.✓ (6 × 2) (12)

4.2 SOORTGELYKE FUNKSIES OF DOELWITTE✓

- Dit is waar dienste saamgegroepeer word volgens die soortgelykheid van hul funksies, byvoorbeeld in 'n departement is daar verskeie aktiwiteite wat doeltreffendheid verseker, soos die Departement van Gesondheid, waar mens dokters, verpleegsters, laboratoriumassistente, portiere, administrateurs, ensovoorts sal kry.✓

GEOGRAFIESE GEBIED✓

- Identifiseer waar daar 'n groter behoefte is om verskillende dienste en produkte aan te bied, byvoorbeeld munisipaliteite verskaf water en elektrisiteit✓

PRODUKTE VERSKAF EN DIENSTE GELEWER✓

- Dienste word gegroepeer volgens die produkte en dienste wat aan burgers voorsien word, en waar burgers moet betaal vir die dienste wat gelewer word.✓

BEPAALDE KLIËNTE OF BEVOLKINGSGROEPE✓

- Spesifieke dienste en produkte word slegs verskaf aan bepaalde groepe of individue, byvoorbeeld aan MIV-pasiënte, mense met gestremdhede, ensovoorts.✓ (4 × 2) (8)

4.3

- Hy moet formeel aan sy nuwe kollegas voorgestel word.
- Hy moet formeel in sy nuwe omgewing georiënteer word.
- Toesighouers moet 'n oriëntasieprogram vir nuwe werknemers voorberei.
- Die nuwe werknemer moet bewus gemaak word van al die reëls en regulasies wat hom of haar moontlik op enige manier kan raak.
- Voorsien enige meubels of toerusting wat die nuwe werknemer moontlik nodig mag hê om sy of haar werk te doen.
- Hy of sy moet voel dat hy of sy noodsaaklik is. (6 × 2) (12)

4.4 Mnr Nelson Mandela (2)

4.5

- SENTRALE REGERING ✓
  Die regeringsgesag op nasionale vlak ✓

- PROVINSIALE REGERING ✓
  Die regeringsgesag op provinsiale vlak ✓

- PLAASLIKE REGERING ✓
  Die regeringsgesag op plaaslike vlak, bestaande uit verskillende munisipale rade✓ (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 5

5.1 OMSTANDIGHEDE VAN DIE INSTELLING✓

- Elke openbare instelling het sy eie unieke doelwit; die behoeftes van die Departement van Wateraangeleenthede verskil byvoorbeeld van dié van die Departement van Onderwys se behoeftes.✓
- Geen departement het die reg om op te tree of in te meng in 'n ander departement se sake nie.✓

POLITIEKE OPDRAG✓

- 'n Minister staan aan die hoof van elke staatsdepartement, en hy of sy moet sorg dat die oogmerke van politieke partye bereik word.✓

REGSGELDIGHEID INGEVOLGE STAATS- EN ADMINISTRATIEFREG✓

- Die beleid van die openbare instelling sal getoets word teen die regering se regsbeginsels en volgens die administratiefreg.✓

FINANSIËLE VERMOËNS ✓

- Instellings het die nodige fondse nodig om doeltreffend te werk.✓
- Doelwitte moet bekostigbaar en realisties wees.✓

KUNDIGHEID VAN PERSONEEL✓

- Slegs personeel met die regte kwalifikasies om die werk te doen, moet aangestel word.✓
- As 'n beleid meer gekwalifiseerde mense nodig het om die werk te doen, moet die departement bykomende fondse aanvra.✓

FISIESE FASILITEITE✓

- Openbare instellings moet fasiliteite hê soos kantore, meubels, voertuie, ensovoorts.✓
- As 'n departement meer fasiliteite nodig het, moet bykomende fondse aangevra word.✓ (Enige 5 × 2) (10)

5.2

- Dien as die regering se bankier
- Reik note en munte uit
- Tree as bankier vir handelsbanke op
- Samel alle staatsinkomste in wat verskuldig is en verskaf 'n doeanediens
- Voorsien finansiële raad aan die regering en ander owerhede en instellings
- Tree op as beskermer en moderator van rentekoerse, goudreserwes en buitelandse valuta (Enige 5 × 2) (10)

5.3

- Die beampte lig sy of haar direkte toesighouer in om die aard van die grief te bespreek
- Die toesighouer kan hom of haar selfs na 'n meer senior beampte verwys.
- Die gegriefde beampte kan dieselfde proses herhaaldelik volg.
- Hy of sy sal uiteindelik sy of haar saak stel aan die mees senior beampte in sy of haar departement.
- As die beampte nog steeds nie tevrede is met die besluit nie, mag hy of sy appelleer na 'n sentrale personeelinstelling of na die politieke ampsdraer wat in beheer is. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.4 Thembekile Kimi Makwetu

- Behartig die ouditering van alle openbare rekeninge
- Het die gesag om enige persoon te dagvaar om getuienis te lewer oor aangeleenthede wat verband hou met finansiële ongerymdhede
- Doen verslag oor enige finansiële ongerymdhede aan die parlement.

(5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou